# Gebed en Heiligmaking: Heiligmaking van die Hart

**(Jer 29:1-2)** Dit is 'n afskrif van die brief wat die profeet Jeremia uit Jerusalem gestuur het na die leiers van die ballinge wat nog oor was, en na die priesters en die profete en die hele volk wat deur Nebukadnesar uit Jerusalem na Babel toe weggevoer is. Jeremia het die brief gestuur nadat koning Jojagin en die koninginmoeder, die paleispersoneel en die amptenare van Juda en Jerusalem, die ambagsmanne en die bouers uit Jerusalem weg is.

**(Jer 29:3-5)** Jeremia het die brief gestuur met Elasa seun van Safan en met Gemarja seun van Gilkija wat deur koning Sedekia van Juda na koning Nebukadnesar van Babel toe gestuur is. So sê Ek, die Here die Almagtige, die God van Israel, vir al die ballinge wat Ek uit Jerusalem in ballingskap na Babel toe weggevoer het: Bou vir julle huise en bewoon dit, lê tuine aan en eet die opbrengs daarvan,

**(Jer 29:6-8)** trou en bring kinders in die wêreld, en laat hulle trou en kinders in die wêreld bring. Julle moet daar in Babel baie word, nie min nie. Bevorder die belange van die stad waarheen Ek julle in ballingskap weggevoer het, bid tot My vir daardie stad, want sy belange is ook julle belange. So sê die Here die Almagtige, die God van Israel: Moenie dat die profete en waarsêers daar by julle julle mislei nie.

**(Jer 29:8-11)** Moenie ag slaan op daardie drome wat julle so graag droom nie. Daardie mense tree sonder opdrag op as profete in my Naam. Ek het hulle nie gestuur nie, sê die Here. So sê die Here: Oor presies sewentig jaar sal Ek Babel straf en julle onder my sorg neem en dan sal Ek my belofte nakom om julle hier na Jerusalem toe terug te bring. Ek weet wat Ek vir julle beplan, sê die Here:

**(Jer 29:11-)** voorspoed en nie teenspoed nie; Ek wil vir julle 'n toekoms gee, 'n verwagting! 'Dan sal julle My aanroep, tot My kom bid, en Ek sal julle gebede verhoor. Julle sal vra na my wil en julle sal dan my wil ken as julle met julle hele hart daarna vra. Julle sal My ontmoet, sê die Here, en Ek sal julle terugbring uit die ballingskap uit. Ek sal julle bymekaarmaak tussen al die nasies uit, sê die Here, en Ek sal julle terugbring na die plek toe

**(Jer 29:12)** Dan sal julle My aanroep, tot My kom bid, en Ek sal julle gebede verhoor.
**(Jer 29:13)** As julle heelhartig na My soek, sal julle My vind.

**(Lukas 6:45)** Die goeie mens bring die goeie te voorskyn uit die oorvloed goeie dinge in sy hart, en die slegte mens bring die slegte te voorskyn uit die oorvloed slegte dinge. **Waar die hart van vol is, loop die mond van oor.”**

**(Jak 4:2)**Julle kry nie, **omdat julle nie bid nie**.

**(Jak 4:3)** As julle bid, ontvang julle nie, **omdat julle verkeerd bid**: julle wil net julle selfsugtige begeertes bevredig.

# Heiligmaking van die Hart

1. Gebed ontbloot ons harte.

**(Sag 13:8)** Dwarsoor die land, sê die Here, sal twee derdes van hulle uitgeroei word en omkom. Daar sal net 'n derde van hulle oorbly in die land, **(Sag 13:9)** en dié derde **sal <u>Ek met vuur louter</u>** soos silwer gelouter word. Ek sal hulle suiwer soos goud gesuiwer word. Hulle sal My aanroep, en Ek sal hulle gebede verhoor. Ek sal sê: “Hulle is my volk.” <u>En hulle sal sê: “Die Here is ons God.”</u>

**(1 Joh 1:9)** Maar as ons ons sondes bely – Hy is getrou en regverdig, Hy vergewe ons ons sondes en reinig ons van alle ongeregtigheid.

**(Psalm 51:10)** Skep vir my 'n rein hart, o God, vernuwe my gees en maak my standvastig.

# Heiligmaking van die Hart

1. **Gebed ontbloot ons hart.**
2. **Gebed reinig ons hart.**

**(Eseg 36:26)** Ek sal julle 'n nuwe hart en 'n nuwe gees gee, Ek sal die kliphart uit julle liggaam uithaal en julle 'n hart van vleis gee.
**Eseg 36:27)** En Ek gee my Gees in julle sodat julle my voorskrifte sal gehoorsaam en doen wat Ek beveel.

**(Matt 9:36)** Toe Jesus na die baie mense kyk, het Hy ontroerd geraak oor hulle seerkry en weerloosheid. Hulle was soos skape sonder 'n wagter.
**(Matt 9:37)** Daarop sê Hy vir sy dissipels: "Die oes is groot, maar die werkers is min.
**(Matt 9:38)** Hierdie oes is die Here s'n. Vra Hom dan om werkers vir sy oesland te voorsien."

# Heiligmaking van die Hart

1. **Gebed ontbloot ons harte.**
2. **Gebed reinig ons harte.**
3. **Gebed dring ons harte na aksie.**


UNTIL NEXT TIME
GO BE A WITNESS AND A LIGHT FOR OUR LORD